

My seun is positief en gretig om nog beter te doen nadat Mind Moves® in sy lewe gekom het

In 2014 was my seun Marco* (ouderdom huidiglik 11 jaar) in Graad 4. 'n Normale woelige seun wat baie van gesels hou. Aangesien hy toe met leervakke begin het en dit ewe skielik 'n klomp werk was, het ek agtergekom dat, as hy besig is om te leer, hy niks kan onthou nie en as hy 'n vraestel kry het hy nog minder geweet wat by die werk aangaan. So was ek tog nog nie te bekommerd nie aangesien sy skoolwerk nog nie sleg gelyk het nie en ek gedink het dat ek hom tyd moet gee om gewoon te raak aan al die leerwerk.

Toe hy in graad 5 kom, het ek gesien dat hy nog steeds nie regtig inneem wat hy leer nie - wat vir my baie snaaks was, want van Graad 1 tot 3 het hy uitstekend in sy skoolwerk gedoen. Na die eerste kwartaal ontvang ek sy rapport en sien hy het slegs 42% persent vir Afrikaans gekry. Ek het die klasonderwyseres gaan sien en sy het gesê dat hy 'n normale woelige seun is en dat ons meer aandag aan sy Afrikaans moet gee. Aangesien ek nie eintlik enige punte vir Afrikaans gedurende die tweede kwartaal ontvang het nie was ek onseker oor hoe dit met Marco en sy Afrikaans gaan.

Toe ons die tweede rapport kry sal ons uitvind hy het slegs 39% vir Afrikaans gekry en sy Sosiale Wetenskap punte was slegs 40%. Ek het besef daar is groot fout met my kind. Ek het omtrent trane gestort oor my kind en ek het net geweet iewers is daar groot fout, want ek ken my kind en ek weet waartoe hy in staat is. Onmiddellik het ek 'n afspraak met die Afrikaanse klasonderwyser gemaak. Toe ek hom vra wat fout is met Marco, kon hy my nie die oorsaak gee nie en ek het net meer onrustig geword.

Ek het 'n familielid van my gekontak en met haar gesels oor hoe bekommerd ek oor my kind is. Sy het onmiddellik 'n vriendin van haar gekontak en sy het my die telefoonnommer van 'n Gevorderde Mind Moves Instrukteur, Igna du Plessis gegee. Ek het onmiddellik vir Igna geskakel en aan haar verduidelik wat Marco se probleem is en sy het aanbeveel dat ek hom so gou as moontlik vir 'n evaluering bring.

Op 27 Augustus 2015 neem ek vir Marco vir sy evaluering in Bloemfontein. Nadat Igna aan Marco vertel het wat die evaluering behels, het hulle twee begin en onmiddellik kon sy optel dat hy gestress is. Sy hande het so gesweet en sy asemhaling was baie swaar en mens kon duidelik op sy gesiggie sien hoe gespanne hy was. Die evaluering was lekker speels gewees en ons het almal lekker gelag oor alles waarvoor Igna Marco uitgevra het en hoe hy reageer het.

Daar is bevind dat Marco geen 'grys dele' in sy brein het nie en dat alles op stress dui. Daar is 'n klomp asemhalingsoefeninge asook oog oefeninge aan hom gegee en hy moes drie maal per dag oefen. Die oefeninge behels die Kragkakelaar oefening waar die holte net onder die sleutelbeen gevryf moet word terwyl hy sy tong teen sy verhemelte vassuig; kers - of ballon blaas; arms uitstrek en inasem en dan asem stadig uitblaas en homself omhels; asook strekoefening van arms.


Toe ons daar uit is het ons 'n draai by die oogarts gemaak om te kyk of die probleem nie dalk by die oë lê nie, maar daar was niks fout nie. Ons het teruggekom en die volgende oggend voor skool met oefeninge begin. Marco was op 'n Donderdag by Igna en die Maandag het hy 'n Aardrykskunde toets geskryf, waarvoor hy 80% gekry het.

Dit was absoluut 'n groot motivering vir hom.

So het hy toetse geskryf maar ons het nie punte gekry nie en toe die rapport kom was daar 'n groot verskil: sy Afrikaans het opgeskuif na 51% en sy Sosiale Wetenskap na 57%. Ons het daaglik streng daarby gehou om 3 keer per dag te oefen.


Op 9 Oktober het ek Marco weer na Igna toe gevat en kon sy 'n groot verskil opmerk, alhoewel hy nog nie heeltemal ontspanne genoeg was nie, maar ons was op pad om dit reg te kry. Marco het twee Wiskunde toetse se punte gekry: 91% en 80% en hy is ook aangewys as die Kaptein van die O/11 Krieketspan.

Ek het weer 'n navraag by Afrikaanse onderwyser gedoen oor hoe Marco vorder. Die onderwyser het vir my 'n brief gestuur waarin hy sê dat Marco goeie vordering toon. Hy het ook gesê dat Marco die vrymoedigheid het om met selfvertroue te praat en antwoorde te probeer gee:



Intussen het Marco weer 'n Afrikaanse toets geskryf waarin hy 68% en 75% gekry het. Toe hy die toetse vir my gee om te teken, het hy gesê hy weet dat hy nog baie beter kan doen.

Marco het die volgende notas van die Skoolhoof en sy klasonderwyser gekry:



Baie, baie dankie Igna van Mind Moves vir al julle hulp. Marco is weer die ou kind wat hy was en ek weet dat hy nog baie goed gaan doen in sy skoolwerk. Hy is baie positief en gretig om sy beste te doen.

*Skuilnaam